

12 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 26:30-56 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 26:36-46

Getsemane

Die lyding van Jesus word steeds dieper. Baie van sy volgelinge het hom verlaat (Joh 6:66). Die vyandskap van die Jode was bitsig (Matt 26:3). Judas is reeds die donker nag in om Hom te gaan verraai. Die dissipels wat Hom in sy benoudheid moet onderskraag, slaap! Petrus gaan hom verloën. Al die dissipels gaan Hom verlaat. Tydens die dieptepunt van sy lyde sal Hy dit moet uitkerm: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Hier laat ons begrip ons in die steek. Guy King het tereg opgemerk: "Ek is bevrees die bonatuurlike aard van die gebeure sal bederf word as ons dit aanraak". Wat in Getsemane gebeur het, sal ons nooit kan peil nie. Hoe is dit om van God en mens verlaat te wees? Ons kan dit nie verstaan nie, maar ons weet: God het Hom in ons plek soos 'n sondaar behandel. Hy het die skuldbewys met die eise teen ons tot niet gemaak (Kol 2:14).

In sy worsteling met die Vader in Getsemane sê Jesus: "Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil" (Matt 26:39). Daarna kon Hy opstaan en die kruisweg met vertroue loop. Die Vader maak nie foute nie. Vandag nog deel jy in hierdie oorwinning van Jesus as jy in alle omstandighede bid: "Laat u wil geskied." Elke tree van jou is dan gedek deur sy genade.

Sing: Psalm 131:1,2,3

Ds APC Duvenage (Emeritus)